**<u>IN DIE HOOGGEREGSHOF VAN SUID-AFRIKA</u>**
**(ORANJE VRYSTAATSE PROVINSIALE AFDELING)**

Hersienings Nr. : A1268/2004

In die hersiening van:

**<u>DIE STAAT</u>**

*versus*

**<u>OOMPIE PATRICK KHONYE</u>**

---

| | |
|---|---|
| **<u>CORAM:</u>** | HATTINGH R *et* EBRAHIM R |
| **<u>UITSPRAAK:</u>** | HATTINGH R |
| **<u>GELEWER OP:</u>** | 10 MAART 2005 |

---

[1] Beskuldigde is op 25 Oktober 2004 skuldig bevind op 'n aanklag van aanranding met die opset om ernstig te beseer en het die verhoorhof daarna in terme van artikel 116(1)(b) van Wet 51/1977 die saak na die streekhof verwys vir vonnis.

[2] Die streekslanddros wat toe belas was met die oorkonde, het na bestudering daarvan, gevoel dat die verrigtinge in die distrikshof nie ooreenkomstig die reg geskied het nie. Hy het dan ook sy redes vir sy ontevredenheid geboekstaaf.

[3] Die verhoorlanddros het geen verdere redes verskaf nadat sy deur die streekslanddros uitgenooi was om dit te doen.

[4] Die markante feite in hierdie saak is die volgende:

4.1 Die klaagster is ‘n enkelgetuie. Nieteenstaande die feit dat daar klaarblyklik meerdere ander persone teenwoordig was wat die voorval waargeneem het, het die Staat verkies om geen sodanige getuienis ter onderskraging van die klaagster aan te bied nie.

4.2 Geen stawende mediese getuienis is deur die Staat voorgelê nie. Dit nieteenstaande die feit dat volgens klaagster sy na die voorval na ‘n hospitaal is waar sy ‘n dokter gespreek het en dokumente voltooi het. Behalwe ‘n “kolletjie” of “’n donker vlek” onder die linkeroog van die klaagster was daar geen sigbare beserings van die aanranding op die klaagster aanwesig nie.

[5] Dit is gemeensaak dat die klaagster ooglopend 'n motief het om die beskuldigde valslik te impliseer. Dit gee sy by meer as een geleentheid te kenne, dat wanneer sy getuig, sy die beskuldigde haat.

[6] Die weergawe van die beskuldigde is geensins in kruisverhoor afgebreek nie en het hy hom ook nie self weerspreek nie.

[7] Die uitleg en verduideliking wat die beskuldigde gegee het in antwoord op die Staat se saak, is redelik moontlik waar. Daar rus geen bewyslas op die beskuldigde om die hof te oortuig van die waarheid van sy uitleg nie. Sy uitleg is slegs verwerplik indien die hof tevrede is dat dit so vergesog is dat dit onwaarskynlik is en daarom bo redelike twyfel vals is.

[8] Die verhoorlanddros het die verhaal of weergawe van die klaagster in isolasie beoordeel en nie op die totaliteit van al die getuienis nie. Juis omdat sy die klaagster se weergawe geglo het, het sy die beskuldigde se weergawe verkeerdelik

as vals verwerp, sonder om die meriete daarvan na behore te oorweeg.

[9] Gevolglik word die skuldigbevinding tersyde gestel.

**G. HATTINGH, R**

Ek stem saam.

**S. EBRAHIM, R**

/sp